Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

Basisdokument

Basisdokument en vertrekpunt vir die verantwoording van die taak en roeping van Aros as privaat reformatoriese tersiêre instelling

Soos goedgekeur deur die Uitvoerende Komitee

Datum: _____

Inhoudsopgawe

Institusionele Identiteit 3

Geskiedenis van Aros 3

Reformatoriese uitgangspunt 4
Binding aan belydenis 4
Die Skrif as noodsaaklike kenbron in die wetenskap 5
Waarheid 5
Verbond 5
Skepping, sondeval, herskepping 5
Kosmologiese uitwerking van herskepping 6
Taalverskeidenheid 6
Doel van wetenskap 6
Christelike wetenskap 6
Gebruik van bevindinge van nie-Christene 7
Abnormaliteit van mens na sondeval 7
Wisselwerking tussen wetenskappe 7

Visie & Missie 8
Visie 8
Missie 8

Christelike Onderwysers-opleiding 9
Agtergrond 9
Doel van Christelike onderwys 9
Christus as hoogste Leermeester 9
Christelike lewens- en wêreldbeskouing 9
Tug 10
Onderrig en leer 10
Roeping 10
Kurrikulum 10
Assessering 10

Personeel se binding aan Aros se grondslag 11
Opdrag aan dosente 11

Institusionele Identiteit

Hierdie amptelike beleidsdokument reël en verantwoord die institusionele identiteit van Aros as privaat reformatoriese tersiêre instelling. Die doel van die dokument is om 'n raamwerk van Aros se geskiedenis, Reformatoriese uitgangspunt en toekomsvisie as 'n Christelike onderwysinstelling binne die hoëronderwysomgewing van Suid-Afrika te verskaf.

Geskiedenis van Aros

Aros ontstaan vanuit die gereformeerde skoolbeweging, beter bekend as Arso (Aksie Reformatoriese Skoolonderwys). In 2003 word daar by 'n Arso werkswinkel die behoefte uitgespreek om onderwysers op te lei wat die karakter en etos van 'n Christelik/gereformeerde skool begryp. Tydens die geleentheid is besluit om in oorleg met die vir PU vir CHO onderwysopleiding in Pretoria te verskaf vanuit 'n Christelike vertrekpunt.

Die samewerkingsooreenkoms met die PU vir CHO sou na haar prysgawe van haar Christelike grondslag in 2003 en naamsverandering na NWU na gelang van tyd in gedrang gekom. Na die beëindiging van die ooreenkoms in 2010 moes Aros aansoek doen vir sy eie akkreditasie. Na 'n lang wagtydperk is daar op 23 Januarie 2012 voorlopige akkreditasie aan Aros vir 'n **B.Ed. in Grondslagfase Onderwys** toegeken.

Die groei wat Aros beleef het sedert sy bestaan is 'n saak van groot dankbaarheid. Vanaf twee studente wat in 2003 begin het, spog Aros in 2016 met meer as 800 studente. Van meet af het dit duidelik geword dat studente met min of geen Christelike/kerklike verbintenis graag by Aros wou studeer. Sonder om die oorspronklike gereformeerde uitgangspunte prys te gee, is studente opgelei om as Christen-onderwysers hulle getuienis in die breër samelewing uit te leef. Dit is gedoen deur alle studente verpligte modules Bybelkunde van hul eerste jaar tot hul vierde jaar te laat neem. Hiermee saam word gestreef om die hele kurrikulum vanuit 'n Christelike begronding aan te bied.

Aangesien die behoefte aan onderwysopleiding binne die Afrikaanse gemeenskap ontstaan het, het Aros hieraan uiting gegee deur sy graad in Afrikaans aan te bied. In Pretoria is daar verskeie universiteite wat onderwysgrade in Engels aanbied en net een Universiteit wat 'n onderwyskwalifikasie in Afrikaans aanbied, maar laasgenoemde vanuit 'n sekulêre grondslag. Die behoefte binne die oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskap in Pretoria was om 'n Christelik-Afrikaanse onderwysopleiding tot stand te bring.

Reformatoriese uitgangspunt

Hoewel Aros niks minder as ’n Christelike instelling wil wees nie, is dit nodig dat daar gesê word wat ons met Christelik bedoel. Aros staan binne die Reformatoriese tradisie, wat volgens Aros die mees konsekwente opvatting van die Christelike leer bevat. Die reformatoriese uitgangpunt waarop Aros staan, kan na die beginsels ten grondslag van Reformasie van die 16de eeu herlei word. Die beginsels kan kortliks opgesom word deur die 5 Solas van die reformasie, naamlik:

- *Sola Fide* – deur die geloof alleen
- *Sola Scriptura* – die Skrif alleen
- *Solus Christus* – Christus alleen
- *Sola Gratia* – genade alleen
- *Soli Deo Gloria* – alle eer aan God.

Die Reformasie was nooit bedoel om net veranderinge op kerklike terrein mee te bring nie, maar om Christus se koningsheerskappy oor elke faset van die samelewing te proklameer. Dit is vir Aros van kardinale belang om nie net die Reformasie as geskiedkundig/teologiese gebeurtenis te verstaan nie, maar in besonder die latere ontwikkeling uitwerking van die beginsels soos dit in die 19de eeu in Nederland deur Calvinistiese denkers begin is verder voort te sit. Vervolgens word enkele uitgangspunte uitgelig wat as basis kan dien vir die unieke opvoedkundige raamwerk wat later hanteer sal word.

Binding aan belydenis

Aros omskryf as instansie die gereformeerde belydenisskrifte. Die belydenisskrifte poog nie om iets anders as die Skrif self te sê nie. Die kern hiervan vind ons in die belydenis van Petrus: “*En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.*” (Matt. 16:16-17) Hier bely hy dat Jesus die Christus is. Jesus wys Petrus daarop dat sy belydenis nie iets is wat hy self uitgedink het nie, maar iets wat die hemelse Vader vir hom geskenk het. Die Latynse woord “*homologia*” waarvan ons woord “belydenis” kom, beteken dat ons niks anders wil sê as dit wat in die Bybel self staan nie. Ons wil dus nie die belydenisskrifte bo die Woord van God stel nie, maar meen wel die dat die belydenis gesag dra omdat dit met God se Woord ooreenstem.

Aros onderskryf verskeie belydenisskrifte met die doel dat enig iemand vooraf hul met die inhoud daarvan kan vereenselwig. Die belydenisskrifte wat Aros onderskryf word in twee groepe verdeel. Eerstens is daar die ekumeniese belydenisskrifte. Hulle bestaan uit die Apostoliese Geloofsbelydenis, die geloofsbelydenis van Nicea en die van Athanasius. Die belydenisskrifte dateer uit die 2de tot die 5de eeu n.C. en deel ons met Christelike kerke uit ander tradisies (bv. die Rooms Katolieke kerk). Tweedens is daar die gereformeerde belydenisskrifte wat ons met alle gereformeerde kerke in gemeen het. Hulle het hul ontstaan sedert die Reformasie in die 16de eeu. Dit sluit die Heidelbergse

Kategismus, die Nederlandse geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls in. In 2013 is besluit om die Westminster Konfessie aan die konfessionele grondslag van Aros toe te voeg met die oog op die instelling se band met die wyer gereformeerde wêreld.

Die Skrif as noodsaaklike kenbron in die wetenskap

Die Bybel word hiermee saam as 'n noodsaaklike kenbron vir die beoefening van wetenskap erken. Hoewel die Bybel nie bedoel is om as 'n wetenskaplike handboek gebruik te word nie, bied die lig van die Skrif vir ons die nodige insig om die skepping van God reg te kan ken (Ps. 36:10). Die Bybel mag en behoort in akademiese arbeid op 'n geskikte wyse gebruik te word. Vanuit die geloof in God se Woord word die wetenskaplike arbeid wat by Aros plaasvind gerig, belig en verdiep.

Waarheid

Ware kennis aangaande God, onsself en die skepping is alleen moontlik deur die geloof in Christus Jesus en die verligtende werk van die Heilige Gees. Teen hierdie agtergrond staan die beoefening van die wetenskap in diens van die Koningskap van Christus wat as die enigste Waarheid bely word, ook in die mens se wetenskaplike arbeid. Hierby word erken dat wetenskaplikes kan fouteer. Hoewel wetenskaplikes foute maak, bely ons nogtans dat Jesus Christus sy kinders in die waarheid lei en bewaar (Joh. 16:13) Ons glo dat die belofte nie net van toepassing is op die terrein van die Teologie nie, maar dat dit geld vir die wetenskap as geheel. Hiermee word nie ontken dat wetenskaplikes (selfs ongelowiges wetenskaplikes) vir Teoloë kan wys op bepaalde foute in hul verklaring van die Skrif nie. In die geval van Galileo het die wetenskap vir die kerk gedwing om opnuut te kyk na hul verstaan van die Skrif. Dit alles neem nie weg dat die Here sy kerk, insluitend gelowige wetenskaplikes, in die waarheid lei en bewaar nie.

Verbond

Nog voor die skepping van die mens bestaan die Trinitariese verbond tussen die Vader, Seun en Heilige Gees (Joh. 17:20-22). Die mens is geskape as 'n verbondswese, met die doel om in gemeenskap met God en sy naaste te leef. Na die sondeval is die verbond tussen God en die mens verbreek. Christus herstel die verbond met sy soenoffer aan die kruis en daardeur bevind die mens hom weer in 'n liefdevolle verbondsverhouding met God en sy naaste.

Skepping, sondeval, herskepping

Hoewel die mens goed en na die beeld van God geskep is, het hy na die sondeval uit die toestand geval. Die sondeval word as 'n alomvattende gebeurtenis beskou wat die hele mensdom deurdring het. Vanaf Adam en Eva se sonde, is die verdorwe natuur van die mens oorgedra na elke volgende geslag op aarde. Alleenlik in Christus word die mens na die beeld van God herskep en in verbond met God verbind.

Kosmologiese uitwerking van herskepping

Jesus Christus word nie in die eerste plek die hoof van die kerk genoem nie, maar die hoof van die kosmos (Kol. 1:15-18). Hy word beskryf as die beeld van die onsigbare God waardeur Hy die hemel en die aarde geskep het. Om Christus as hoof van die skepping te bely het verreikende gevolge vir die wetenskap. Dit beteken dat niks in die skepping (insluitende die sonde) wat van Jesus Christus se koningsheerskappy losgemaak kan word nie. Die uitwerking hiervan is dat'n diepsinnige belangstelling in die kosmos opgewek word by diegene wat na die beeld van God herskep word. Die herskepping het ook in besonder betrekking op hierdie aarde, omdat God besig is om opnuut sy koninkryk daar te bou. Hy doen dit deur die werking van die Heilige Gees in sy kinders. Die persepsie dat die lewe op aarde verag moet word en dat die mens se eintlike beloning is om eendag in die hemel te kom, moet om die rede verwerp word. Daar mag nie 'n dualistiese skeiding tussen die geestelike en aardse dinge gemaak word nie. Waar die mens besig is om sy roeping op aarde te vervul is hy besig om God daardeur te dien.

Taalverskeidenheid

Nog voor die toring van Babel se verwarring plaasgevind het, was daar verskillende wêreldtale (Gen. 10:5,20,31-32). Die verskillende tale wat in die wêreld is, het nie primêr tot stand gekom a.g.v. die Babelse verwarring nie, maar op grond van die kultuurmandaat van God wat vereis dat die mens die aarde bewoon (Gen. 1:28). Dit word bevestig met Pinksterdag waartydens die proseliete die evangelie in hul moedertaal kon hoor/praat (Hand. 2:8). Dat God verder nie een wêreldtaal begeer nie word in die boek Openbaring waar daar van tale, volke, stamme en nasies in die nuwe Jerusalem melding gemaak word bevestig (Open. 5:9, 7:9, 14:6 en 21:24). Taalverskeidenheid word hiervolgens nie as 'n vloek as gevolg van die sonde beskou nie, maar eerder as iets wat deur die Heilige Gees bewerk word om aan die kultuuropdrag uitvoering te gee.

Doel van wetenskap

Die doel van wetenskap kan volgens die Christelike filosoof H.G Stoker uit Efesiërs 3:10 afgelei word waar staan: "*sodat deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die veelkleurige wysheid van God bekend gemaak kan word.*" Hiermee word bedoel dat die gelowiges die taak het om nie net aan mense nie, maar selfs aan die engele die veelkleurige wysheid van God bekend moet maak. Die veelkleurigheid dui op die verskeidenheid in die skepping wat elkeen op 'n besondere wyse van God se wysheid getuig. Die doel van die Christelike wetenskap is nie om die wonders van God in die skepping weg te verklaar nie, maar om dit bekend te maak. Die eer moet aan God gegee word vanuit elke onderskeie gedeelte/vakgebied in sy skepping.

Christelike wetenskap

Daar is 'n verskil tussen 'n Christelike beoefening van wetenskap en die beoefening van Christelike wetenskap. 'n Christelike beoefening van wetenskap veronderstel dat wetenskap op 'n Christelike wyse beoefen word, maar dat die eindproduk nie wesenlik sal verskil van 'n ongelowige nie. Christelike

wetenskap veronderstel dat daar op 'n Christelike wyse gearbei word, maar dat die soort wetenskap wat hieruit voorspruit deur en deur Christelik is. Die sentrale gedagte van die Christelike wetenskap kan in Romeine 11:36 gevind word: "*Wat uit Hom en deur Hom en tot Hom is alles dinge.*" Christelike wetenskap is hiervolgens nie soos 'n gereg wat 'n Christelike sousie oor het nie, maar 'n dis waarvan elke happie van deurdrenk van die sentrale geur daarvan. Op dieselfde wyse behoort daar nie net gestreef te word om Bybeltekste by te trek met die doel om humanistiese teorieë te verchristelik nie, maar daar moet gepoog word om vanuit dié sentrale gedagte van Romeine 11:36 elke aspek van ons wetenskaplike arbeid te deursuur.

Gebruik van bevindinge van nie-Christene

Hoewel Christelike wetenskap anders behoort te lyk as wetenskap wat vanuit 'n ander vertrekpunt uitgebou is, beteken dit nie dat uitvindinge van andersdenkendes nie gebruik kan word binne die stelsel van Christelike wetenskap nie. Voordat die bevindinge gebruik kan word moet hulle eers vanuit die konteks waarbinne hulle ontstaan het losgemaak word. Op die wyse moet daar erkenning aan bevindinge van ongelowiges gegee word, terwyl die Christen die roeping het om die bevindinge in hul regmatige konteks te plaas. Aangesien gelowiges en ongelowiges dieselfde skepping bestudeer is daar ooreenkomste, maar dit beteken nie dat albei wetenskaplike stelsels dieselfde is nie. Daar kan dus geleer word by Freud, Nietzsche, Vygotsky, Piaget, ens., maar ons mag nie hulle bevindinge gebruik sonder om dit los te maak vanuit die konteks waaruit dit onstaan het nie.

Abnormaliteit van mens na sondeval

Ongelowige wetenskap neem hul vertrekpunt in die normatiewe toestand van die skepping. So gesien is daar nie grootliks fout met die skepping nie. Klein verstellings moet wel hier en daar gemaak word. Die mens is inherent goed, en moet net geleer word om sy goedheid reg uit te leef. Hierteenoor gaan die Christelike denke daarvan uit dat die skepping in sy huidige toestand abnormaal is, vanweë die sondeval en die drastiese gevolge daarvan. Vanuit die vertrekpunt word die mensdom verlore in hul sonde gesien. 'n Groot verstelling is hier nodig om die breuk tussen God en die mens te herstel. Die evangelie van Jesus Christus is onontbeerlik om die tragiese toestand waarin die mens homself bevind te verander.

Wisselwerking tussen wetenskappe

Onderlinge wisselwerking tussen die onderskeie wetenskappe is onontbeerlik. Daar is egter 'n onderskeid wat ons tussen die onderskeie wetenskappe moet maak en noodwendig ook 'n bepaalde hiërargie tussen die wetenskappe. Binne die hiërargie word daar wel erkenning aan elke vakgebied se terrein gegee.

Eerstens kom die Teologie. Die Teologie is nodig in die sin dat hy die taak het om die wil van God suiwer bekend te maak. Waar die Teologie nie sy werk reg doen nie, maak dit die taak om 'n konsekwente Christelike lewenswyse en wetenskap moeilik. Die Teologie heers wel nie oor die ander wetenskappe as vakgebied nie, maar verkondig Christus se heerskappy oor die ganse skepping. Die Teologie moet die ander vakgebiede herinner om aan die Woord van God gehoor te gee.

Tweedens kom die Christelike Filosofie. Die Christelike Filosofie het die taak om vanuit die beginsels verskaf deur die Teologie te bepaal hoe die betrokke beginsels op die terrein van die wetenskap gebruik moet word. Verder het die Filosofie die taak om 'n eenheidsvisie te verskaf waarbinne al die onderskeie vakgebiede hul tuis kan vind. Afgesien van die eenheidsvisie, moet die Filosofie ook aan die grondstellinge waarop elke vakgebied gebaseer is, navorsing doen om te bepaal of die grondstellings waarop die onderskeie vakgebiede hul wetenskap verder uitbou met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing ooreenstem.

Die onderskeie vakgebiede (insluitend die onderwys) maak gebruik van die Teologie en die Christelike Filosofie. Voortdurend moet daar geluister word na Gods Woord, omdat dit die nodige verwysingsraamwerk verskaf waaraan ons onderskeie vakgebiede gemeet word. Voortdurend moet daar gesoek word na die lig van God se Woord, waarmee ons insig verkry om ons onderskeie vakgebiede te verbeter. Die Christelike Filosofie het egter die taak om in die onderwys leiding te verskaf oor (a) breë veronderstellings wat in al die onderskeie vakgebiede voorkom en (b) vakspesifieke veronderstellings wat uniek aan betrokke vakke is. Die Christelike Filosofie moet dit wat in die Teologie vanuit God se Woord opgediep word op 'n wetenskaplike wyse verwerk en uitbou om 'n sistematiese uiteensetting daarvan vir die onderskeie vakgebiede (by Aros aan die onderwys) te verskaf.

Visie & Missie

Visie

Om 'n Christelike reformatoriese tersiêre opleidingsinstelling van uitnemendheid te wees, gegrond op Skrif en gereformeerde belydenis, in die lig van die heerskappy van Christus oor die skepping.

Missie

Om tersiêre onderrig en leer aan te bied, eerstens vir die opleiding van onderwysers en verder ook vir ander rigtings en gemeenskapsbetrokkenheid, verbandhoudende navorsing en publikasies. Dit word alles gedoen deur studente te begelei om 'n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing te ontwikkel soos Christus as enigste en hoogste Leermeester leer, deur hulle toe te rus om hul lewe en werk as roeping en opdrag in diens van Christus te beskou. Daarmee word die gemeenskap en die wetenskap in die lig van die SA samelewingskonteks gedien en word daar hierdeur bygedra tot die vernuwing van die samelewing, alles volgens die wil en tot eer van God die Vader, die Almagtige.

Christelike Onderwysers-opleiding

Agtergrond

Die opleiding van onderwysers in die reformatoriese tradisie hou verband met ’n aantal basiese uitgangspunte. Die programme wat aangebied word, is daarop gemik om die volgende waardes en insigte by studente te vestig:

Doel van Christelike onderwys

Die doel van hoër onderwys word in 2 Timotheus 3:16-17 vir ons gegee. “*Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.*”

Uit die Skrifgedeelte kan die volgende punte uitgelig word:

- Die Heilige Skrif het groot waarde vir onderwys.
- Onderwysopleding moet hom toespits op die volkome toerusting (holisties) van elke student volgens God se bedoeling vir hul lewens.
- Beroepspesifieke opleiding volg hierop, maar mag nie ten koste van persoonlike ontwikkeling geskied nie.

Christus as hoogste Leermeester

Christus word deur ons as die hoogste Onderwyser beskou (H.K Sondag 12) en daarom moet onderwysers hul roeping vervul in ’n innige verbondenheid aan Hom. In die klaskamer word onderwys deur Hom gebruik om sy kinders te leer. Om as instrument in die hand van die Here gebruik te word, is dit van kardinale belang dat onderwysers moet deel in die salwing van Jesus Christus. Onderwysers mag hiervolgens nie vir kinders net leer wat hulle wil nie, maar moet in alles vra wat die hoogste Onderwyser Jesus Christus vir hulle wil leer.

Christelike lewens- en wêreldbeskouing

Aros se onderwysopleidingprogram se uitdruklike oogmerk is om Bybels-reformatoriese waardes en ’n uitgesproke Christelike lewens- en wêreldbeskouing aan leerders in skole oor te dra. Daar word verder beoog om hierdie basiese uitgangspunte ook te vestig ten aansien van die rol van die skool in die breër gemeenskap.

Tug

Die mens is wel goed en na die beeld van God geskep, maar het in sonde geval. Kinders het dus nodig om getugtig te word. Daar word ook in die Bybel aan ouers die opdrag gegee om hulle kinders te tugtig. In die huidige Suid-Afrikaanse onderwyskonteks word lyfstraf verbied en moet daar met omsigtigheid hieroor omgegaan word. Onderwysers kan selfs (behalwe as hul toestemming van ouers verkry het) vervolg word vir lyfstraf wat toegepas word op 'n kind. Daar is ook ongelukkig voorbeelde van kinders wat mishandel is deur lyfstraf wat op 'n verkeerde wyse toegepas word. Die gevolge van die verbanning van lyfstraf op skole is egter dat kinders op skool se dissipline veel te wense laat.

Ons glo nog wel dat waar lyfstraf streng volgens die Bybelse opdragte toegepas word dit tot groot heil van die kinders kan geskied. Dit hou byvoorbeeld in dat kinders nie gestraf moet word in die oomblik van woede nie, dat kinders ook geleentheid moet kry om hul kant van die saak te stel ens. Oor die saak sal daar nog meer indringend besin moet word oor hoe ons die Bybelse opdragte in die huidige situasie moet uitleef.

Onderrig en leer

Dosente is geroep om studente te begelei tot 'n dieper verstaan van die skepping en die geskiedenis. In die konteks van hul tersiêre roeping, is dosente van Aros geroep om studente te begelei tot 'n dieper begrip van God se skepping en die geskiedenis om as gelowige onderwysers uiteindelik hul taak te begryp en uit te leef op grond van 'n Bybelse geloofsverantwoording.

Roeping

Die oogmerk van onderwysersopleiding is daarom om kundige en roepingsbewuste onderwysers aan publieke en privaatskole te lewer wat hul professie beoefen ooreenkomstig Bybelse riglyne en waardes in al die verskillende kontekste van onderwys aan kinders.

Kurrikulum

Onderwysopleidingprogramme moet so ontwerp wees dat dit aan studente 'n gestruktureerde, koherente en samehangende begrip gee van die geskape werklikheid. Dit hou in dat basiese kernwaardes en -uitgangspunte in die hele kurrikulum ingebou moet wees en ook ooreenkomstig geassesseer moet kan word.

Assessering

Die assesseringstrategie en -benadering moet vasstel of die openbaringskennis wel lewens-veranderend oorgedra en verwerk is. Reformatoriese uitgangspunte moet konsekwent in die kurrikulum geassesseer word, by name ook in praktiese onderwys.

Personeel se binding aan Aros se grondslag

Elke Aros personeellid bely daarom die klaarheid en duidelikheid van die Skrif as Woord van God en as die gesagvolle reël vir die geloof en elke aspek van die lewe. In die gemeenskaplike soeke na die waarheid in die lig van die Skrif lei die Gees van die Waarheid die gemeenskap van die heiliges – dus ook binne die gemeenskap aan ’n reformatoriese tersiêre instelling. Elke personeellid van Aros, en ook nuwe aanstellings, stel hulself bereid om rekenskap te gee van hierdie basiese vertrekpunt. Dosente word ook op ’n pertinente wyse getoets na die mate waarin die belydenis aangaande die gesag van God se Woord neerslag vind in hul onderrig- en leertaak, in hulle vakkundige- en navorsingsarbeid asook in hulle lewenswandel.

Hoewel Aros nie ’n kerkverbandelike instelling is nie, word van enige personeellid verwag om kerklik betrokke te wees. Kerklike betrokkenheid behels om ’n aktiewe lidmaat van ’n gereformeerde gemeente te wees. Met gereformeerde gemeente word nie bedoel dat elkeen lidmaat van ’n Gereformeerde kerk moet wees nie, maar dat u ’n aktiewe lidmaat van gemeente moet wees wat die gereformeerde belydenisskrifte onderskryf en dat u ook daarvolgens moet lewe.

Opdrag aan dosente

Deel van die proses van kurrikulumontwikkeling is om dosente te begelei om vanuit Aros se basisdokument hulle leermateriaal op te stel. Hierdie proses geskied soos volg: Elke dosent skryf ’n refleksie van 300-500 woord op die basisdokument gerig op sy/haar eie module. Die refleksie van die dosent op die module word bespreek deur ’n paneel van die AKK en die paneel skryf ’n verslag op die refleksie en gee terugvoer aan die dosent. Die dosent toon dan aan op watter wyse die kern beginsels van die refleksie in die module ingewerk gaan word. Nadat die module ontwikkel is, word daar weer saam met die dosent ’n gesprek gehou om te sien waar die dosent in die module die kern beginsels in die module ingewerk het.